

## 20 Augustus

### Dit ontbreek ons aan niks nie

#### Skrifgedeelte: Psalm 23 (OAV)

#### Fokusgedeelte: Psalm 23:1

Psalm 23 se woorde is sag en vertroostend op die oor en in die hart. “Die Here is my Herder.” Letterlik staan daar: Die Verbonds-God (wat Hom aan my verbind het) is besig om prakties ’n Herder vir my te wees. Die woord “Herder” is ’n werkwoord – die Here is aktief met my besig. Dit hou ’n ryke gevolg vir my in: “Niks sal my ontbreek nie.”

Tog spreek die digter hierdie woorde uit terwyl dit voorkom of alles hom juis ontbreek. Hy praat van die dal van doodskaduwee, van teëstanders, van weiding en water wat opraak, en van ’n moeë, beseerde skaap waarvan die kopwonde met olie versag moet word.

Maar hy kan aanhou en uithou, want wanneer die weiding en die water opraak, verskuif die Herder die skaap na nuwe weiding en nuwe waterbronne. Daarom “weivelde” en “waters”, hier in die meervoud. Met die verskuiwing oor ruwe berge en rotse hou die Herder se staf die skaap wat wil val, vas en die beserings word met olie behandel.

Daarom kan die skaap te midde van al die swaarkry tog ervaar dat niks hom ontbreek nie. Al trek hulle saam, Herder en skaap, deur die diep dale waar die skaduwees van doodsgeware hang, met sy Herder so goed soos aan hom verbind (Verbonds-God), sal niks hom ontbreek nie.

Ons kan te alle tye vergenoegd en tevrede wees, selfs in die doodsdale, want met die Herder by ons, ontbreek ons aan niks wat saak maak nie.

*Sing: Psalm 23:1 (Totius)*

*Ds. Hennie Briel (Petrusburg/Boshof)*